Tekste voorgestel

1.0 Spasiëring
4 Bladsye

In ’n neutedop...

1. Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling wat in 2016 of later gaan verskyn, gaan in twee uitgawes gepubliseer word. Die Bybelvertalers wil in die een uitgawe die Name van Christus in die Messiaanse profesieë met kleinletters skryf. **Die beteken dat Sy Name, byvoorbeeld *God, Here, Seun* (van God), *Koning, Priester, Profeet* en *Messias*, met kleinletters geskryf sal word.**
   In die ander uitgawe word hierdie Name en die betrokke voornaamwoorde met hoofletters geskryf in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament.

2. Prof Combrink, die leier van hierdie vertalingsprojek, het aan my die uitnodiging gerig om ook voorstelle in te dien in verband met die gedeeltes in die Ou Testament waar hoofletters gebruik moet word, in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Dit sal dan saam met die minstens ses kerkgenootskappe wat hoofletters wil hê, se voorstelle oorweeg word.

3. Hierdie ses kerkgenootskappe sal wel deeglik al die plekke nagaan waar hoofletters gebruik is in die Ou Testament, in die 1953-vertaling. Ek neem aan hulle sal voorstel dat op al hierdie plekke hoofletters behou moet word. Ek verwys in hierdie skrywe nie na daardie plekke nie.

4. My doel is slegs om ’n aantal teksgedeeltes uit te wys waar nog meer hoofletters as in die 1953-vertaling gebruik behoort te word. **Die gebruik van hoofletters in die 1953-vertaling moet as die <u>minimum</u> beskou word**. **Eers daarna begin die “grys gebied,”** naamlik waar keuses tussen hoof- en kleinletters oorweeg kan word.

5. Dit moet uit die vertaling vir lesers duidelik wees hoe Christus reeds in die Ou Testamentiese tyd aktief opgetree het. Om byvoorbeeld Sy aktiwiteit as Profeet en Spreker van God duidelik te stel, kan Sy Naam *Engel* liewer met die woord *Boodskapper* vertaal word. Dit sal vir die Bybellesers duideliker op Christus wys. Die woord *Engel* (of *Boodskapper*) kan ook meer kere met ’n hoofletter geskryf word as wat selfs in die 1953-vertaling die geval is.

6. Tydens die jarelange werk aan die skryf van die boek: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, het die Skrifgedeeltes wat ek hieronder noem vir my wonderlik oopgegaan. Ek lê dus hierdie voorstelle voor met groot vrymoedigheid en oortuiging.
   As motivering vir die onderstaande teksgedeeltes, word hierdie boek dikwels vermeld. Dit verwys na die 2008-uitgawe, wat ook op die webwerf www.thetruerevelation.co.za verskyn. Hierdie boek bevat 270 bladsye, en dit kan by my bestel word, teen R80.00 per kopie.

7. Daar bestaan Engelse Bybelvertalings wat soms meer hoofletters as ons 1953-vertaling gebruik. Vir hierdie doel word die New American Standard Bible (<u>NASB</u>), Amplified Bible (<u>Amp</u>), New King James Version (<u>NKJV</u>), Green’s Literal Translation (<u>GLT</u>), New Life Version (<u>NLV</u>), 21st Century KJV (<u>21KJV</u>), Holman Christian Standard Bible (<u>CSB</u>), en <u>The Scriptures</u> (dit is ’n Bybelvertaling van die Messiaanse Jode, ISBN 0-620-22490-8) hieronder as voorbeelde gebruik.

Hierdie agt vertalings gebruik ook hoofletters vir die voornaamwoorde wat na God verwys. Dit is die tendens wat steeds nagevolg behoort te word, omdat hierdeur eer aan God gebring word.

Ook word hierin verwys na die Nederlandse Statevertaling, 1900-uitgawe en die 1919-herdruk daarvan.

✶✶✶✶✶✶✶

Die onderstaande lys van voorbeelde is nie volledig nie. Daar sal wel meer hoofletters gevind kan word as die bogenoemde nege Bybelvertalings noukeurig nagegaan word.

Hier volg nou ’n aantal voorbeelde:

GENESIS

Genesis 3:15: NKJV: *“And I will put enmity*
Between you and the woman,
And between your seed and her Seed;
He shall bruise your head,
And you shall bruise His heel.”

Ook so in: GLT, 21KJV, The Scriptures. Amp: Offspring.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 78-79 en 231-233 (punt 6) en 234 (punt 12).

Genesis 24:7, 40: GLT, Amp: Angel.

NUMERI

Numeri 24:17, 19: NKJV: *“...I see Him, but not now, I behold Him, but not near; a Star shall come out of Jacob; a Sceptre shall rise out of Israel... Out of Jacob One shall have dominion...”* Ook so in: 21KJV, Amp en The Scriptures.

Lees: *Die Wonder van Jesus in the Old Testament,* bladsy 240 punt 3.

JOSUA

Josua 5:13: NKJV, GLT, Amp, The Scriptures: Man. CSB: His, Him.

Josua 5:14, 15: NKJV, GLT: the Commander of the army of the LORD.

Amp: the Prince of the Lord’s host. NLV, The Scriptures: the Captain of the host…

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 100.

RIGTERS

Rigters 13:6-11: NKJV, GLT, Amp, The Scriptures: Man, met ’n hoofletter. (Vergelyk Gen 32:24; Sag 6:12.) CSB: Angel, He, Him, His.

Rigters 13:18: Modern Language Bible: “...My name, seeing it is Wonderful.”
So ook in GLT.

1 SAMUEL

1 Samuel 2:10: Amp: King, Anointed.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 242-243 punt 1.

1 KONINGS en 1 KRONIEKE

1 Kon 19:5, 7 en **1 Kron 21:12-30:** NKJV: angel, of Angel.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 245 punt 3.

JOB

Job 33:23: Die woord *Gesant*.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 245-246.

PSALMS

Psalm 16:10: NKJV, GLT, NLV, 21KJV: Your Holy One. CSB: Your Faithful One.
The Scriptures: Your Kind One.
Statebybel van 1900: ...uw Heilige.

Psalm 22:1-31: NKJV, GLT en The Scriptures: Me, My, He, His, Him.

Let wel: Die lydende Persoon van Psalm 22 het geen sondes gedoen nie.

Psalm 33:6: The Scriptures: Word, Spirit. NLV, GLT: Word, breath.
Statevertaling van 1900: Geest.

Psalm 72:1: NKJV en The Scriptures: Son.

Psalm 110:4: Statevertaling van 1900: Priester.
NLV: a Religious Leader.

Psalm 118:26: The Scriptures: He, Name.

Psalm 132:10, 17-18: NKJV: Anointed. The Scriptures: Anointed One.

JESAJA

Jesaja 6:8: NKJV, NASB, GLT, NLV, 21KJV, CSB, Amp, The Scriptures: …for Us.

Jesaja 55:3, 4: The Scriptures: *...the trustworthy kindnesses of Dawid. See, I have given Him as a witness to the people, a Leader and Commander for the people.*
So ook GLT.

En vers 5 (The Scriptures): ...the Set-apart One. GLT: the Holy One.
Die voetnoot onder Jesaja 55:4 (The Scriptures) sê: The True Dawid, the Son of Dawid, our Messiah.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 256 punt 2.

ESEGIËL

Esegiël 1:26: Amp: Man. En **vers 27:** NKJV, NASB, GLT, NLV, 21KJV, CSB, Amp, The Scriptures: Him, His.

Esegiël 34:23, 24: Amp: *And I will raise up over them one Shepherd and He shall feed them, even My Servant David, He shall feed them and He shall be their Shepherd.*
Ook so in GLT, 21KJV.

Esegiël 37:24: *And David My Servant shall be King over them, and they all shall have one Shepherd.* Ook so in GLT.

Nota: Jesus word dus hier met die volgende treffende Name beskryf: Dawid, Herder, Kneg (of Dienaar) en Koning.

DANIËL

Daniël 3:25, 28: NKJV: Son of God, Angel. 21KJV: Son of God.
The Scriptures: Son of Elah, Messenger.

Vers 25: NLV: or Son of God. Vers 28: GLT: Angel.

HOSEA

Hosea 3:5: Amp, Living Bible: David, their King.

JOËL

Joël 2:23: The Scriptures: Teacher of Righteousness. (Sien ook die NIV.)
Statevertaling van 1900: Leeraar ter geregtigheid.

Nota: In sy kommentaar, getitel: *The Minor Prophets,* skryf dr Theo Laetsch hierdie Naam soos volg: Teacher unto Righteousness.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament,* bladsy 166-167, 260.

HAGGAI

Haggai 2:7: NKJV: the Desire of All Nations.
The Scriptures: the Delight of all the nations.
(*Nota:* GLT, 21KJV: ...the desire of all nations shall come...)

SAGARIA

Sagaria 6:13: Amp: a Priest. GLT: He, His. NLV: King, His.

Sagaria 13:7: NKJV: *"Awake, O sword, against My Shepherd,*
Against the Man who is My Companion,"
Says the LORD of hosts.
"Strike the Shepherd,
And the sheep will be scattered..." (Vergelyk Matt 26:31.)

So ook in: NASB, GLT, 21KJV en The Scriptures.

Lees: *Die Wonder van Jesus in die Ou Testament*, bladsy 183.

MALEAGI

Maleagi 4:2: NKJV, GLT, 21KJV, Amp, The Scriptures: the Sun of Righteousness.
(Vergelyk Ps 84:12; Matt 17:2; Joh 1:4, 9; Op 1:16.)

Nuwe Testament

1. *Name van Christus*

In die Nuwe Testament moet die Name van Christus wat verwys na Sy Name in die Messiaanse profesieë (in die Ou Testament) ook altyd met hoofletters geskryf word. Hier stel die 1983-vertaling op sommige plekke die regte voorbeeld. In die 1953-vertaling word kleinletters gebruik, maar in die 1983-vertaling hoofletters, in die volgende gevalle:

- Die woord *Profeet*, in Johannes 1:21; 6:14; 7:40 (vergelyk Deut 18:15, 18).
- Die woord *Hoëpriester* in Hebreërs 6:20 (vergelyk Heb 3:1).
- Die Name *Lewe* en *Ewige Lewe*, in 1 Johannes 1:1, 2.
  Motivering: Christus word in Jesaja 53:11 beskryf as die Een wat ook aan die Ou Testamentiese mense die ewige lewe gegee het (vergelyk die woord *ons* in Jesaja 53:4-6). Christus was, en is, die lewe (of Lewe) vir beide die Ou en Nuwe Testamentiese mense – vergelyk Johannes 1:4; 14:6 en 1 Johannes 5:12, 20.
  MAAR:
  1). In die 1983-vertaling is in Handelinge 7:30, 35, 38 die woord *Engel* verkeerdelik met 'n kleinletter geskryf (vergelyk Eks 3:1-6; 14:19, 24; Joh 1:1-3). Christus was van altyd af God se Engel / Boodskapper en Profeet / Spreker / Woord.
  2). In onder andere die NKJV en The Scriptures word die woord *Seed* op twee plekke met hoofletters geskryf in Galasiers 3:16 en 19 (maar in die 1983-vertaling is dit hier telkens met *nakomeling*, met 'n kleinletter, vertaal).

2. *Die Heilige Gees*

In die 1983-vertaling word die Heilige Gees meer in die Nuwe Testament na vore gebring as in die 1953-vertaling. Die woord *gees* in die 1953-vertaling is verander na *Gees*, in die 1983-vertaling – in Johannes 4:23, 24, en 2 Korinthiërs 3:6 (vergelyk ook: Rom 8:5; Ef 1:3; Kol 1:9).

Ds Danie Haasbroek
Tel: 012-345 2753
Sel: 076 689 3079
E-Pos: daniehaasbroek@gmail.com

5 September 2013

✶✶✶✶✶✶✶

- **Hierdie dokument, getitel: *Tekste voorgestel,* is een van die dokumente wat in Afrikaans en Engels op die webwerf www.2016vertaling.co.za verskyn.**
- **My boeke verskyn op die webblad www.thetruerevelation.co.za** (nie Google).